



## Marda gesels...

deur Marda Oosthuysen

Liewe Vriendin

Ons is op die vooraand van die UB-vergadering en baie voorbereiding gaan daarin. Bid asseblief vir ons vir wysheid en insig. Ek glo steeds dat *Die Dameskring* 'n verskil sal maak in ons leefwêreld. Ons het al, en sal steeds daarna streef.

Miskien het jy al bietjie moeg geword langs die pad. Soms is die uitdagings te groot en sien ons nie kans vir dit wat van ons verwag word nie, soms het ons net nie genoeg motivering om betrokke te raak nie, ander kere



voel dit vir ons asof die bietjie wat ons probeer, geen verskil in die samelewing maak nie. Dit is so, maar dan lees ek die verhaaltjie van die seuntjie wat potlode verkoop om 'n groter hospitaal in sy dorpie te laat bou. Toe iemand vir hom sê dat dit darem 'n té groot taak vir een enkele persoon is, was sy antwoord: "My maatjie help my darem."

Moenie moeg word nie, moenie moed verloor nie, moenie opgee op jou droom nie, moenie hooploos lewe nie...dan het jy die stryd verloor. Jy kan 'potlode' verkoop want iewers is 'n 'maatjie' besig om jou te help.

Kom ons motiveer mekaar om 'n verskil te maak in ons leefwêreld. Ek het die afgelope week na 'n

toespraak van Chéri Brynard geluister en net besef...as sy kan, kan ek en jy! Sy het my inspireer om weer skouer aan die wiel te sit. Ek wil 'n verskil maak, al is dit net in een persoon se lewe. Wil jy ook?

Kom ons vat mekaar se hande, kom ons reik uit, kom ons tel op, kom ons buig af, kom ons moedig mekaar aan om by die wenstreep uit te kom. Dameskringvroue kan!

Dit is 'n uitdaging aan jou gerig! Gaan jy dit aanneem?

Vriendelike groete

*Marda*

"...want ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."

### IN HIERDIE UITGAWE:

- \* *Projekterugvoer (Bladsy 2)*
- \* *Nuwe lede verwelkom (Bladsy 2)*
- \* *Taknuus (Bladsy 3)*
- \* *WEN!!!! Twee gelukkige Klits Klets-lesers kan elk 'n boek wen! (Bladsy 4-5)*
- \* *WENNERS VIR APRIL-BOEKE aangekondig (Bladsy 7)*
- \* *Uit die kantoor ... (Bladsy 8)*



CUM BOOKS



## PROJEK-TERUGVOER (Bladsy 2)

BEURSFONDSBYDRAES

Takke en lede word aangemoedig om reeds te begin bydra tot die 2018-Beursfonds. Baie dankie vir almal se getroue bydraes!

Borg 'n bladsy verskyn elke kwartaal in die Granaat - dit is dus 'n deurlopende projek...

Advertensies kan geplaas word teen R150 per bladsy – 'n lyninskrywing – dit moet nie langer as 30 woorde wees nie. Bewys van betaling moet die borg se besonderhede (Naam en telefoonnommer & dorp) en lyninskrywing vergesel en na [admin@dameskring.co.za](mailto:admin@dameskring.co.za) gestuur word.

## NUWE LEDE

7346 Linda Rust  
 7347 Marie Hanekom  
 7348 Sumari Roos  
 7349 Cleo Jordaan  
 7350 Jackie Delport  
 7351 Audrey Redmond  
 7352 Antoinette Roos  
 7353 Lydia Beukes  
 7354 Eërléth Strauss  
 7355 Elsa Botha  
 7356 Hendrina Rossouw  
 7357 Eunice de Villiers  
 7358 Lisel Krige  
 7359 Anni Niewenhuis  
 7360 Lynette Smit  
 7361 Yolandi Brisley

Baie welkom by *Die Dameskring!* Mag julle tyd met DK geseënd wees.

Ons wil graag meer van julle bedrywighede & prestasies weet...

Indien julle iets interessant het om te deel, 'n prestasie of sommer 'n 'onverwagte kuier-foto' wil ons dit graag in die Klitsklets plaas. So kan ons mekaar beter leer ken. Stuur gerus jul bydraes aan: [admin@dameskring.co.za](mailto:admin@dameskring.co.za)



CUM BOOKS



## BAIE GELUK! (Bladsy 3)

### Tweede plek: Strand, Helderberg (Tak 108)

Baie geluk aan Strand, Helderberg. Hul het in tweede plek al hul ledegelde betaal vir 2018! Sekelbos kan volgende jaar kompetisie verwag...



Agter - Elsabé Dreyer, Denisé Truter, Sandra Cadle, Hanneke Wambach, Stephanie Basson en Alet Smith  
Voor - Erica Bothma (voornemende lid) Maria Kirsten, Christine Viljoen en Marianna

"Baie dankie vir die boeke wat ons ontvang het ons waardeer dit opreg!" Sandra Cadle

Strand, Helderberg gaan hul wenboeke aan twee van hul lede gee wat tans pasiënte is wat behandeling ontvang.

### Groenberg-tak spog met splinternuwe t-hemde en fondsinsameling... deur Adrienne van As



Op die foto is van die lede: Deona Nieuwoudt, Estelle Coetzee, Marinda Lemmer, Anne-Maree Maree, André Theart, Francina Marais en Nelia Potgieter.

*Die Dameskring* se Groenbergtak het op Saterdag 4 Mei, tydens Wellington se jaarlikse Stasiefees, 'n kosstalletjie gehad met heerlike geroosterde toebroodjies. Kyk hoe mooi lyk ons splinternuwe t-hemde.

Die ingesamelde fondse is ten bate van groep talentvolle O/13 seuns van 'n nabygeleë plaasskool, Wagenmakers Primêre Skool, wie in September gaan deelneem aan 'n rugbytoer na Bloemfontein, Pretoria and Durban. Dis 'n ongelooflike geleentheid vir hierdie 13 seuns! Hulle het ons ook gehelp met die verkope.



**(Bladsy 4)**

'n Dankie-sê ontvang vir sop en vetkoeke voorsien deur Klerksdorp-tak met "Waardes vir Woelwaters"-oggend...

*Liewe Mevrou,*

*Baie dankie aan die dames van die Dameskring dat julle julle voorskote aangetrek het om vir ons lekker sop en vetkoek te bring met vleis in.*

*Baie dankie dat julle mooi goedjies na ons toe gebring het en vir ons kom kerse aansteek het.*

*Baie dankie dat julle vir ons van die waardes van die Here kom leer het.*

*Die Here sal die Dames van die Kring seën!*

*Baie dankie!*

*Van Maria.*

**WAARDES VIR WOELWATERS** is beskikbaar by *Die Dameskring*, Hoofkantoor. Bestel gerus jul kopie(ë) by [admin@dameskring.co.za](mailto:admin@dameskring.co.za)

## BOEKRESENSIES VIR JUNIE

**Die Meesterstuk – Francine Rivers**

'n Verhaal van God se genade wat selfs die mees gebroke mens in 'n onvolmaakte maar ongelooflike meesterstuk kan verander.

Roman Velasco is 'n suksesvolle Los Angeles-kunstenaar wat oënskynlik alles het wat sy hart begeer – 'n groot herehuis, geld, vroue en roem. Slegs Grace Moore, sy teësinne nuwe assistent, weet hoe min hy regtig het. Maar Grace weet nie hoe haar baas in die geheim met sy duiwels stoei nie: deur geboue te teken as die Bird, 'n berugte maar ongeïdentifiseerde graffiti-kunstenaar – 'n alter ego wat Roman se loopbaan kan verwoes en hom in die tronk kan laat beland.

Soos Roman, worstel Grace ook met spoke en geheime van haar eie. Ná 'n ramspoedige huwelik haar lewe totaal van koers afgegooi het, het sy gesweer dat liefde nooit weer haar drome sal kniehalter nie. Maar soos sy die enigmatiese man agter die reputasie leer ken, is dit asof hulle gebroke stukke stadig inmekaar begin pas ... totdat iets onverwags gebeur wat die loop van hulle verhouding – en albei se lewe – onherroeplik verander.

**Die meesterstuk** is 'n splinternuwe liefdesverhaal deur bekroonde *New York Times*-topverkoper-outeur Francine Rivers wat jou herinner dat genade selfs die mees gebroke persoon in 'n onvolmaakte tog ongelooflike meesterstuk kan verander.


**Francine Rivers** skryf al vir meer as 40 jaar. Van 1976 tot 1985 het sy vir die sekulêre mark geskryf en verskeie toekennings ontvang. Nadat sy in 1986 tot bekering gekom het, het sy haar eerste Christelike boek geskryf. Sedertdien het sy al verskeie toekennings ontvang, onder andere 'n ECPA Gold Medallion en die voortreflike Romance Writers of America Rita Award.

**Wedstrydvraag:** Wat is die naam van die berugte, maar ongeïdentifiseerde graffiti-kunstenaar in **Die Meesterstuk**?

E-pos jou Naam, Fisiese adres (vir koerier), selfoonnommer en antwoord na: [admin@dameskring.co.za](mailto:admin@dameskring.co.za)

**BAIE DANKIE AAN CUM UITGEWERS VIR DIE MAANDELIKSE BOEK WAT DEUR HULLE GEBORG WORD**

## (Bladsy 5)

**DIE DINAMIKA VAN VRIENDSKAP****SELMA EN LOUISE deur SUSAN COETZER**

Hierdie lywige roman van Susan Coetzer, aktrise, motiveringspreker en skrywer, handel oor Selma Barnard, 'n vrou wat voor 'n kruispad te staan gekom het. Selma het feitlik 'n ineenstorting in 'n reisagentskap en koop op die ingewing van die oomblik 'n kaartjie vir 'n alleenreis na Indië, in 'n poging om haarself te probeer vind, omdat sy op 'n punt is dat sy alles verloor het: haar man, haar kinders, haar selfvertroue en ook die belangrikste vriendskap in haar lewe, haar vriendin Louise.

Die titel van die boek, wat sinspeel op die bekende rolprent oor die vriendskap tussen twee vroue, *Thelma and Louise*, dui daarop dat die vriendskap tussen Selma en Louise die basis of as is waarom die verhaal wentel. Die slot, veral, sinspeel op die rolprent se einde. Selma en Louise is

al vir veertig jaar vriende, maar oënskynlik het elkeen se verskillende lewens en geaardhede hulle uitmekaar laat dryf. Na Zander, Selma se man, se dood het die drade wat haar lewe wankelig aanmekaar gehou het, finaal gebreek. Haar rampspoedige verhouding met Theo Swanepoel het al haar frustrasie en hartseer na vore gebring en haar op breekpunt gelaat. Die reis na Indië was haar desperate poging om haarself weer te vind en Louise se verrassende besoek en saamreis, laat die verhaal en die uitpluis van hul vriendskap uiteindelik sy volle loop neem. Hulle reis is op 'n manier 'n "Eat Pray Love"-reis om weer bymekaar uit te kom. Maar die finale verraad en heling, is ook 'n belangrike element in hierdie boek.

Die verhaal is humoristies, maklik om te lees, maar ook gevul met die harde waarheid van die lewe: niemand weet ooit heeltemal wat in iemand anders se hart en siel aangaan nie - al is dit ook jou man of beste vriendin. Die reisverhaal is deurspek met gestruktureerde terugflitse na die verlede, wat aan die leser mettertyd die volle prentjie gee. Die doelbewuste verwysings na die bekende boeke/films, skep ook 'n bekende agtergrond waarteen die verhaal gespieël word en die leser let veral op die dele wat verskil van wat verwag word. So word hierdie dele beklemtoon. Die slot is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hierdie sinspeling is egter vir my ook 'n groot nadeel. Die boek lees heerlik, die karakters is goed uitgebeeld en lewendig geteken, maar die storie en die tema van vergifnis deur die reis na 'n spirituele bestemming, is oorbekend en glad nie vir die leser uitdagend nie. Daar is niks nuuts aan die konsep en hoe dit vertel word nie en die boek het naderhand heeltemal te lank geword.

Die spirituele reis van die hoofkarakter word deur die aanhalings aan die begin van elke hoofstuk aangedui. Dit is toepaslike aanhalings en gee aan elke hoofstuk 'n doelwit en die leser kan die karakters se optrede en groei daaraan meet. Dit is dalk op 'n manier ook vir my die probleem in hierdie roman: dit lees soos 'n ensiklopedie van lewenswaarhede. 'n Mens kan nie foutvind daarmee nie en alles is sinvol, maar moet dit regtig alles in een verhaal voorkom? Die oomblik dat 'n mens dit lees, wil jy dit onthou, maar daar is soveel hiervan dat ek op die ou end nie 'n enkele een onthou nie. Dis amper 'n geforseerde sinvolheid.

Reis is 'n belangrike tema in hierdie boek. Die reis na Indië, saamreis (en die vergelyking daarvan met die huwelik), die reis van mense in 'n verhouding/huwelik, die ontmoeting met vreemdelinge en die invloed wat dit

**(Bladsy 5)****Selma en Louise (vervolg)...**

op die karakters het en natuurlik ook die afloop van die reis - dit wat die hoofkarakter daaruit geleer het en haar optrede daarna. Die gesegde dat reis opvoeding is, word ook in hierdie verhaal uitgebeeld. Dit is hierdie reis en die karakterontwikkeling wat veronderstel is om daarmee gepaard te gaan, wat die slot van die verhaal so teleurstellend maak. Na 'n intense reis van selfontdekking en onverwagse ander ontdekkings van haar lewe, val die hoofkarakter in hierdie slot pens en pootjies terug na die (heeltetal te melodramatiese) begin van die verhaal. Al wat ek gedink het, is: het sy dan niks geleer nie? Ek voel hierdie ligsinnige slot kan dalk aansluit by die humor in die boek, maar dit is heeltetal oordoën.

Hierdie is 'n lekkerleesboek - "chick-lit" soos een resensent dit genoem het - met 'n tema wat oënskynlik baie sinvol is en ek is doodseker dat elke leser die boek terdeë sal geniet. Maar een van die beter boeke wat ek al gelees het? Ongelukkig nie.

**Wedstrydvraag:** Na watter land reis Selma en Louise om weer hulleself te vind?

E-pos jou Naam, Fisiese adres (vir koerier), selfoonnommer en antwoord na: [admin@dameskring.co.za](mailto:admin@dameskring.co.za)

**BAIE DANKIE AAN LUX VERBI UITGEWERS VIR DIE MAANDELIKSE BOEK WAT DEUR HULLE GEBORG WORD**

---

**WENNERS VAN MEI-BOEKE:**

**HOOP WAT ALLES OORWIN** *deur* Anniéra McFarlane

Sumari Roos, WITRIVIER

**STORMKIND** *deur* RIANA SCHEEPERS

Letitia Boshoff, GROOTBRAKRIVIER

---



CUM BOOKS



## Uit die kantoor... deur Sonja Bothma (Bladsy 7)

**DIREKTE LYN NA HOOFKANTOOR: 012 301 1761**

Gaan kyk gerus aanlyn na Afrikaans.com se nuutste veldtog:

### TV-advertensies

<https://www.youtube.com/watch?v=5NQoCZbul7k>

### Hoofadvertensie:

### Tema-advertensies:

Ekonomie

<https://www.youtube.com/watch?v=c94uO6LUeN0&feature=youtu.be>

Kultuur

<https://www.youtube.com/watch?v=rO2DPljcMXI&feature=youtu.be>

Moedertaal

<https://www.youtube.com/watch?v=jc8n-Wka42o&feature=youtu.be>

Diversiteit

<https://www.youtube.com/watch?v=qM8fagrpuQk&feature=youtu.be>

Onmisbaar

<https://www.youtube.com/watch?v=YxXAciaxqEM&feature=youtu.be>

Uitdrukkings

<https://www.youtube.com/watch?v=ZqJQ5yetqqA&feature=youtu.be>

Inspirasie/Emosie

<https://www.youtube.com/watch?v=NdE2dfYneTM&feature=youtu.be>

## KLITSKLETS

### *Die Dameskring* (HOOFKANTOOR):

Gerard Moerdijk-huis, Voortrekkermonumentterrein, [Eeufesweg, PRETORIA](#)

Tel: 012 301 1761

Faks: 086 262 4946

[admin@dameskring.co.za](mailto:admin@dameskring.co.za)

Webtuiste: [www.dameskring.co.za](http://www.dameskring.co.za)

U ontvang hierdie e-pos omdat u geregistreer is as 'n lid op *Die Dameskring*-databasis. Indien u dit nie wil ontvang, e-pos asseblief 'Kanselleer' na [admin@dameskring.co.za](mailto:admin@dameskring.co.za)



CUM BOOKS

